

# FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIAKENS



*[Nota; Hierdie formulier hou nie daarmee rekening dat vroue ook in die amp van diaken kan dien nie.]*

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskeie kere die naam/name afgekondig het van ons broer(s) wat as diaken(s) van hierdie gemeente verkies is. Die doel daarvan is om te verneem of iemand iets het waarom hy/hulle nie in sy/hulle diens bevestig mag word nie. Aangesien niemand egter enige wettige beswaar teen sy/hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hom/hulle nou in sy/hulle diens bevestig. Vir hierdie doel moet u broer(s) wat bevestig word, en ook almal wat teenwoordig is, eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en die ampswerk van die diakens aanhoor.

'n Diens om die gemeente as een gemeenskap in Christus te laat lewe, het spoedig in die apostoliese kerke nodig geword. Hierdie diens word duidelik onderskei van die diens van die Woord en gebede asook van die diens van regering.

Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus tot opbouing van die liggaam van Christus. Daarom rus Christus hulle ook toe met die gawes wat hulle nodig het.

As diaken(s), geliefde broer(s), word u geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus met praktiese onderlinge liefde beoefen. U moet ook toesien dat die gelowiges aan almal goed doen, sodat die liefde van Christus op hierdie manier duidelik kan word.

Saam met u medediakens moet u almal besoek en hulle aanspoor om praktiese liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys.

U moet deur elkeen te besoek sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.

U moet ook die middele wat gegee word tot diens van die wat in nood verkeer, sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel. Sodoende moet u Christus, u medegelowiges en alle mense dien, die gemeente tot diens toerus en die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld laat skitter.

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

*Vrae*

1. Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?
2. Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat dit die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?
3. Belowe u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer in ooreenstemming met hierdie leer uit te voer en volgens hierdie leer te lewe?

4. Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

*Hierop vra die bedienaar:* N, wat is hierop u antwoord?

*Hierop moet hy/hulle antwoord:*

*Daarop moet die bedienaar sê:* Mag die almagtige God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam te wees!

*Verder moet hy hom/hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan:* Wees dan toegewyd in u diens. Stel vas wat die nood van die gelowiges is, en kom hulle te hulp. Spoor almal tot mededeelsaamheid aan. Wees versigtig in die besteding van die middele wat aan u sorg toevertrou is.

Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in u geloof in Christus verkry en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan.

U, geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God. Laat u, in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges, deur die diakens lei. Gee sonder bybedoelings en dwang, want God het mense lief wat blymoedig gee. Doen u daaglikse werk getrou, sodat u ook hulle kan help wat behoefte het.

Dink aan die diakens in u gebede.

Omdat ons dit uit onself nie kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep.

*Gebed* Ons Vader,

Ons dank U dat u hierdie man(ne) deur u Gees gelei het om die roeping op te volg. Ons bid U, gee aan hom/hulle steeds meer die gawes wat hy/hulle nodig het om sy/hulle diens te verrig. Skenk aan hom/hulle wysheid, skerpsinnigheid, onderskeidingsvermoë en liefde. Verleen hom/hulle genade om getrou in die diens te volhard en nooit deur teleurstelling, moeite, verdriet of vervolging van die wêreld te verslap nie.

Seën, Here, die gemeente waaroor u hom/hulle gestel het. Voorsien die gemeente genadig van die nodige middele om ryk te kan wees in vrygewigheid en alle goeie werke. Leer ons, deur die liefde van ons Here Jesus Christus, om aan mekaar se belange te dink. Laat so u heilige Naam geëer word en die koninkryk van u Seun Christus kom. Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.